

Donderdag 28 Junie

Skrifgedeelte: Nehemia 12:44-47

Fokusgedeelte: Nehemia 12:47

Die groot blydschap wat God gee, bepaal hoe ons elke dag lewe

Die Skrifgedeelte vertel van verskeie maatreëls wat Nehemia ingestel het om die diens-werk van die priesters, Leviëte, sangers en poortwagte te orden. Dit het veral oor hulle versorging gegaan. Daar staan twee opvallende dinge:

- Eerstens: Die priesters en die Leviëte wat diens gedoen het, het voordeel getrek uit die blydschap van Juda. Die groot blydschap wat God met die inwyding van die muur gegee het, het nie alleen die mense se harte geraak nie, maar ook hulle hande. Hulle hande het oopgegaan en hulle het gegee wat nodig was vir die versorging van die priesters en Leviëte. En belangrik: dit het nie in die eerste plek gegaan oor die mense nie, maar oor hulle dienswerk. Dit was belangrik dat die dienswerk voortgaan, want dit het die verering van God voor oë gehad.
- Tweedens: Die hele Israel het gesorg vir die sangers en poortwagte se onderhoud, soos dit elke dag nodig was. Nie net hier en daar iemand wat 'n bydrae gee nie, maar die hele Israel. En hulle het wel deeglik rekening gehou met dit wat nodig was, en het daarin voorsien. Die woorde “na die eis van elke dag” (1953-vertaling) wys daarop dat die volk op gewone weksdae take verrig het wat eintlik net vir die Sabbatdag voorgeskryf was.

Die groot blydschap wat God gee, bepaal hoe ons elke dag lewe. Wanneer ons vol blyd-skap is in die Here oor ons redding, dan is ons gawes wat ons gee, nie swaar nie en is ons diens aan God nie beperk tot een enkele dag van die week of een faset van ons lewe nie.

Sing: Psalm 116-1:9, 10

Ds. AL (Abri) Pelsner (Bethlehem)